



BIOSEKURITEITSPLAN TEN OPSIGTE VAN BEESTE, SKAPE EN BOKKE WAT NA 'N SKOU, EKSPLO OF VERTONING GENEEM WORD

Dr Danie Odendaal, konsulerende veearts

INLEIDING

Biosekuriteit is 'n omvattende konsep en die basis daarvan word in die aangehegte dokumente bespreek: *Wat is 'n biosekuriteitsplan en Voorkoming van siektes deur inenting.*

Na bespreking met verskeie organiseerders van skoue, is bevestig dat die meeste 'n basiese biosekuriteitsplan in plek het wat uit drie komponente bestaan:

1. Beeste wat skou toe kom, moet getoets wees vir en vry wees van beesbrusellose. Hulle moes in die laaste 12 maande getoets gewees het.
2. Beeste wat skou toe kom, moet getoets wees vir en vry wees van beestuberkulose. Hulle moes in die laaste 24 maande getoets gewees het.
3. Beeste en ander vee moet 'n gesondheidsertifikaat van 'n veearts hê wat verklaar dat hulle vry was van enige ooglopende siekhetekens. So 'n ondersoek moet voltooi wees binne drie maande voor die skoudatum.

Met die bestaande biosekuriteitsplanne in plek, is skoue oor baie jare aangebied sonder dat daar bewese probleme ondervind is ten opsigte van siekte-uitbrekings wat direk verband hou met die bymekaarbring van diere vanaf verskillende plase.

Daar was wel voorheen baie minder bewusmaking ten opsigte van biosekuriteit en daarom is probleme wat ontstaan het, ook moontlik nie aangemeld nie. Diere wat na 'n skou of vertoning kom, is hoofsaaklik afkomstig uit stoetkuddes waar goeie bestuur toegepas word as gevolg van die waarde van die diere en daarom is siektevoorkomingsmaatreëls ook gewoonlik op 'n hoër standaard.

Baie van die uitstallers verkoop ook lewendige diere vir teeldoeleindes wat 'n verdere insentief is om goeie siektevoorkomingsmaatreëls in plek te hê op die plaas waar met die diere geteel word. Hierdie kuddes word as 'n standaardprosedure getoets vir brusellose, tuberkulose en geslagsoordraagbare siektes soos trigomonose en vibriose. Slegs kuddes wat vry is van hierdie siektes, kan teeldiere te koop aanbied.

Hierdie biosekuriteitsplan maak gebruik van bestaande biosekuriteitsplanne wat toegepas word, gekombineer met voorgestelde veranderings om die risiko van bek-en-klouseeruitbreking te verminder terwyl daar 'n aktiewe uitbreking is, of in die twaalf maande na die einde van 'n bek-en-klouseeruitbreking (sien aangehegte dokument met 'n oorsig oor bek-en-klouseer as siekte).

Hierdie is steeds 'n basiese, maar praktiese biosekuriteitsplan. DIE DOEL IS OM RISIKO'S SOVER MOONTLIK TE VERLAAG. Die ontwikkeling van 'n totaal omvattende plan wat alle risiko's uitsluit, sal baie meer tyd in beslag neem as wat nou beskikbaar is en in baie gevalle gaan dit nie prakties uitvoerbaar wees nie.



BIOSEKURITEITSPAN

Die biosekuriteitsplan is baie eenvoudig en sal prakties deur alle uitstallers of telers gevolg kan word.

1. Alle beeste moet getoets en vry wees van beesbrusellose.
2. Alle beeste moet getoets en vry wees van beestuberkulose.
3. Bulle moet getoets en vry wees van geslagsoordraagbare siektes.
4. Alle diere moet behandel en vry wees van uitwendige parasiete, spesifiek tekens van brandsiekte by skape.
5. Alle diere moet behandel en vry wees van inwendige parasiete.
6. Alle diere moet 'n kwarantyn tydperk van ten minste 28 dae op die plaas van herkoms deurgaans voordat hulle na die skou kan kom, vir die uitskakeling van die risiko van bek-en-klouseer. Indien die diere binne 'n korter tydperk as 28 dae na 'n volgende skou of ekspo gaan, moet die daaglikse waarneming van bek-en-klouseer voortgesit en gedokumenteer word tot en met die volgende skou of ekspo. Hierdie observasie tesame met die 28 dae afteken van die vorige skou, moet ingedien word. Sien die riglyn van basiese daaglikse observasies aangeheg.
7. Alle diere moet deur 'n veearts ondersoek word en vry wees van enige sigbare sieketekens.

MEER INLIGTING OMTRENT ELKE ONDERAFDELING VAN DIE BIOSEKURITEITSPAN

1. Alle beeste moet getoets en vry wees van beesbrusellose

Daar is baie basiese, maar belangriker aanpassings wat gemaak moet word ten opsigte van biosekuriteit vir die voorkoming van moontlike oordrag van beesbrusellose wat tans **'n baie groot risiko inhou as gevolg van die baie hoë voorkoms daarvan reg deur die land.**

Diere wat na die skou kom, moet afkomstig wees van **'n kudde wat skoon getoets het** vir beesbrusellose (kuddetoetsdatum binne die laaste twaalf maande voor die skou).

Omdat die siekte 'n kuddeverwante siekte is, en die kudde nie ooglopende tekens van siekte toon nie (met die uitsondering van aborsies in dragtige koeie), moet die kudde getoets en vry wees van die siekte om risiko sover as moontlik uit te skakel.

In 'n kudde waar daar draerdiere is (positiewe kudde), kan die siekte steeds oorgedra word. Dit is as gevolg van die lang siekte-ontwikkelingsperiode. Individuele diere wat reeds besmet is kan moontlik nog nie positief toets nie, omdat hulle nog baie onlangs besmet is.

Dus moet die diere wat skou toe kom, getoets wees en negatief wees maar hulle moet ook afkomstig wees vanaf 'n negatiewe kudde waar al die verse na hulle eerste kalwing getoets was.

2. Alle beeste moet getoets en vry wees van beestuberkulose

Hierdie basiese, maar belangrike aanpassings moet ook gemaak word ten opsigte van biosekuriteit vir die voorkoming van moontlike oordrag van beestuberkulose. Alhoewel daar tans baie minder gevalle van beestuberkulose voorkom, moet die **risiko van oordrag uitgeskakel word omdat daar vir die siekte geen voorkomende inenting of behandeling van siek diere bestaan nie.**

Diere wat na die skou kom, moet afkomstig wees van **'n kudde wat skoon getoets het** vir beestuberkulose (kuddetoetsdatum binne die laaste 24 maande).

Omdat beestuberkulose ook 'n kuddeverwante siekte is en nie ooglopende tekens van siekte toon nie (met die uitsondering van diere wat in die eindstadium van die siekte is), moet die kudde getoets en vry wees van die siekte om risiko sover as moontlik uit te skakel.

In 'n kudde waar daar draerdiere van bostaande siektes is (positiewe kudde), kan die siekte steeds oorgedra word. Dit is as gevolg van die lang siekte-ontwikkelingsperiode. Individuele diere wat reeds besmet is kan moontlik nog nie positief toets nie, omdat hulle nog baie onlangs besmet is.



Dus moet die diere wat skou toe kom getoets wees binne die laaste twaalf maande en negatief wees, maar hulle moet ook afkomstig wees vanaf 'n negatiewe kudde waar al die beste getoets was (binne die laaste 24 maande).

3. Bulle moet getoets en vry wees van geslagsoordraagbare siektes

Omdat daar wel 'n risiko bestaan dat geslagsoordraagbare siektes by 'n skou oorgedra kan word, word die toets ook ingesluit by die nuwe biosekuriteitsplan **omdat daar 'n baie hoë voorkoms is van geslagsoordraagbare siektes, soos deur veeartse aangemeld.**

Die twee siektes waarteen getoets moet word is trigomonose en vibriose. Daar word vir albei siektes getoets deur die uitvoering van skedewasse of skedeskrape.

Hierdie is ook 'n kuddeverwante siekte en alle bulle moet gedurende die laaste drie maande getoets en vry wees van die siektes. Dit sluit in die spesifieke bulle wat na die skou kom.

4. Alle diere moet behandel en vry wees van sigbare uitwendige parasiete

Daar is 'n **hoë risiko** dat uitwendige parasiete oorgedra kan word as diere geskou of vertoon word. Uitwendige parasiete kan maklik van een dier na 'n ander dier oorgedra word wanneer hulle in noue kontak kom.

Bosluisse hou dan ook 'n verdere risiko in omdat hulle bosluisoordraagbare siektes kan oordra van een dier na 'n ander vatbare dier. Om dit te voorkom, moet diere vry wees van alle uitwendige parasiete wanneer hulle geskou of vertoon word.

Hulle moet dus behandel en skoon wees van uitwendige parasiete voordat hulle na die skou vervoer word. Daar moet spesifieke aandag en vrywaring gegee word vir brandsiekte by skape.

5. Alle diere moet behandel wees vir inwendige parasiete

Daar is 'n **laer risiko** dat daar oordrag van inwendige parasiete kan plaasvind wanneer diere geskou of vertoon word. In die meeste gevalle is daar nie direkte oordrag van een dier na die volgende dier indien hulle nie 'n weiveld deel nie. Om die risiko te verminder, moet diere vry wees van alle inwendige parasiete wanneer hulle geskou of vertoon word.

6. Alle diere moet 'n kwarantynperiode van ten minste 28 dae op die plaas van herkoms deurgaen, voordat hulle na die skou kom, vir die uitkakeling van die risiko van bek-en-klouseer

Die beste manier om die risiko van bek-en-klouseer uit te skakel, is om so vinnig moontlik seker te maak dat besmette diere nie na die skou gebring word nie.

Anders as in die geval van beestuberkulose en beesbrusellose, is daar nie 'n kostedoeltreffende toets wat gedoen kan word om te bepaal of die dier vry is van die siekte nie. Daar bestaan wel 'n toets om diere wat reeds siektetekens toon of diere wat herstel/blootgestel was, te identifiseer maar dit word teen groot koste deur die staat gedoen in die geval van 'n uitbreking.

- Die enigste praktiese metode om die risiko te verminder, is die kwarantynmaatreeël wat gevolg kan word om die groep diere wat na die skou gaan, in afsondering te hou vir ten minste 28 dae op die plaas van herkoms.
- Afsondering beteken dat hulle nie in aanraking kan kom met enige ander diere op die plaas wat nuut ingebring word gedurende die 28-dae tydperk nie. Hulle kan wel steeds deel uitmaak van die bestaande tuiskudde.
- Die persoon wat verantwoordelik is vir die versorging van die diere, moet dan op 'n daaglikse en gestruktureerde basis al die diere wat na die skou gaan waarneem, deur gebruik te maak van die daaglikse observasiokaart en die spesifieke beskrywing van die siektetekens wat dui op 'n bek-en-klouseerbesmetting.



- Enige tekens van siekte moet aangeteken word, en daar moet bevestig word dat waarneming elke dag gedoen is op al die diere wat die skougroep vorm, asook enige ander diere wat in kontak met hulle is. Om dit te bevestig moet die verantwoordelike persoon elke dag die rekordhoudingsvorm afteken.
- Omdat die ontwikkelingsperiode van die siekte kort is (maksimum 14 dae), sal enige dier wat moontlik besmet is met die bek-en-klouseervirus, in die tydperk siektetekens toon.
- In die geval waar 'n dier siektetekens toon wat ooreenstem met die gegewe lys van bek-en-klouseer siektetekens, moet die veearts uitgeroep word om die dier te ondersoek. Dit sal insluit die neem van monsters om bek-en-klouseer as 'n oorsaak in of uit te skakel.

Diere kan net na die skou gebring word as daar in die voorafgaande 28 dae geen tekens van bek-en-klouseer in die kudde was nie en indien hulle nie vermeng is met nuwe beeste gedurende die 28-dae kwarantantydperk nie. Die eienaar van die beeste moet 'n verklaring aflê om dit te bevestig.

Indien die diere binne 'n korter tydperk as 28 dae na 'n volgende skou of ekspo gaan, moet die daaglikse observasie van bek-en-klouseer voortgesit en gedokumenteer word tot en met die volgende skou of ekspo. Hierdie observasie tesame met die 28 dae afteken van die vorige skou, moet ingedien word.

7. Alle diere moet deur 'n veearts ondersoek word en vry wees van enige sigbare siektetekens

Die kuddeveearts moet die kudde ondersoek gedurende die 28 dae kwarantantydperk om te bevestig dat die korrekte prosedure gevolg is, en om self die diere wat skou toe gaan te ondersoek vir enige sigbare siektetekens.

Die ondersoek sal ook dan insluit:

- Die inspeksie vir enige uitwendige parasiete of aansteeklike veltoestande en aanbeveling omtrent behandelingsopsies vir uitwendige parasiete.
- Die neem van mismonsters vir die bepaling van inwendige parasiete en aanbevelings omtrent behandeling vir inwendige parasiete.
- Afhandeling van enige van die ander vereiste kuddetoetse indien dit nie reeds afgehandel is nie

Diere kan net na die skou gebring word indien hulle vry verklaar is van sigbare siektetekens deur die veearts wat hulle ondersoek het. Die veearts moet 'n verklaring doen om dit te bevestig.

Die skou/ekspo/tentoonstelling sal die volgende aksies in plek stel:

1. Een week voor die aankoms van die eerste diere sal daar GEEN diere op die gronde wees nie.
2. Alle fasiliteite waarby diere betrokke is (stalle, aflaaiareas, was-areas) sal vooraf met 'n algemene ontsmettingsmiddel wat veilig is vir diere, gespuit word.
3. Deurentydse skoonmaak terwyl diere op die gronde is, sluit die verwydering van vuil mis en hooi in.
4. Na afloop van die skou, ekspo of tentoonstelling sal ALLE vuil hooi, beddegoed en mis verwyder word, die areas gewas en weer met 'n algemene ontsmettingsmiddel wat veilig is vir diere gespuit word.

OPSOMMING

Hierdie is 'n biosekuriteitsplan wat voldoen aan die basiese vereistes vir die voorkoming van oordrag van die belangrikste siektes, ingesluit bek-en-klouseer.

Dit bly die vertoner, teler, uitstaller en rasgenootskap se eie keuse om 'n skou, uitstalling, samekoms of ekspo by te woon binne die raamwerk van regulasies vervat in die biosekuriteitsplan.

Daar word sover moontlik 'n veilige omgewing geskep vir die bywoning of deelname aan 'n skou, uitstalling, samekoms of ekspo en dit vrywaar 'n skou, uitstalling, samekoms of ekspo van enige eise in hierdie verband.